NED GEREF GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID
SAAM BOU ONS AAN SY KERK

# Die Rietfluit

Ek het U hart-lik lief o Heer

Rietfluit familiebrief September 2007

## 2007 is die jaar van praktiese Christenskap

### Getuienis

Getuienis van 'n bang mens

Ek is my lewe lank nog 'n bang mens. Toe ek klein was wou ek nie badkamer toe gaan in die aande nie, want ek was bang ek trap op 'n muis. Ek het vir baie lank met die lig in my kamer aan geslaap want ek was bang daar is iets onder my bed. As my ouers uitgegaan het was ek benoud dat iets met hulle sou gebeur, en so gaan die lys aan en aan. Soos wat ek ouer geword het, het my vrese nie weg gegaan nie dit het net verander. Ek het bang geword vir my toekoms, en my veiligheid. Ek was bang dat ek nie al my doelwitte sou bereik nie en ek was bang dat dinge nie gaan uitwerk soos ek dit wou he nie. Ek het in my eerste jaar angs aanvalle gerkry waar ek geglo het dat ek sou dood gaan of 'n ongeneesbare siekte sou kry. In hierdie tye het ek uitgeroep na God en HY het 'n pad met my begin stap.

God het my eers genees van die angs aanvalle en daarna begin om my te help om my vrese beter te hanteer. Hy het my geleer om meer op hom staat te maak en my vrese vir Hom te gee. Vir baie lank het dit beter gegaan. Van my vrese was steeds daar maar dit was 'n honderd persent beter as wat die was.

Aan die begin van hierdie jaar het ek Oos London toe getrek. Ek het geen familie daar gehad nie. Ek het niemand daar geken nie en ek het nie 'n man of 'n vriendin gehad wat saam met my getrek het nie.

Maar ek het gegaan want ek het gevoel dis waar God my wou he. (As God nie die bogenoemde pad met my gestap het nie sou ek nooit alleen Oos London toe kon trek nie.)

Een aand na bybelstudie kom ek by my huis aan (ek bly alleen), en skielik oorval hierdie intense vrees my. Dit het vir my gevoel asof iemand in my huis vir my wag. Ek het in die kar gesit en nie geweet wat om te doen nie. Ek het besef dat ek nie die hele aand in my kar sou kon sit nie en selfs al was daar iemand in my huis, sou hy een of ander tyd moes uitkom en dan sit ek daar vasgekeer in my kar.
So, toe vra ek vir God om hulp. Ek vra hom toe of hierdie vrees van Hom af kom. Was dit Hy wat besig was om my te waarsku? God antwoord my toe en se, 'Vrees kom nie van My nie.' Skielik besef ek dat dit waar is. Ek besluit toe om my vrese in die gesig te staar en in die huis in te gaan. Daar was niemand in die huis nie.
Hierdie ervaring het my laat wonder. As dit werklik God was wat vir my gesê het dat vrees nie van Hom af kom nie, dan behoort die Bybel dit mos te bevestig. So gaan soek ek toe dit op en kom af op 1 Johannes 4:16 en 18. Daar staan:" God is liefde...Waar daar liefde is, is daar geen vrees nie". Dit wil se dat vrees nie van God af kom nie want God is liefde.
*Ps 34:5 se ook:"Ek het die naam van die Here aangeroep, Hy het my gered uit alle doodsgevare"*

Liewe leser, weet dat as jy vrees ervaar dit nie van God af kom nie. Al wat jy hoef te doen is om jou vrees vir Christus te gee en hy sal jou daarvan genees. Wees gerus dat ons 'n magtige God dien wat in beheer is van die heelal.

*Jy hoef niks te vrees nie.*
*Liefde Anita*

# Vrouebediening

## `n Kopergeldjie kan ook `n VERSKIL maak!!

Tydens die 2006 Dankie-sê geleentheid is die projek, "`n kopergeldjie kan ook `n verskil maak", bekend gestel.


Nie net die dames, maar al die gemeentelede word uitgenooi om aan hierdie projek deel te neem. Bussies vir al die kopergeldjies kan Sondae by die inligtingstoonbank of by die kerkkantoor afgehaal en ingehandig word. 'n Bedrag van R792.03 is reeds ingesamel. BAIE BAIE DANKIE!!

Die fondse gaan gebruik word om stoorplek vir die kruideniersware van die gemeente se koskas, Jacob se put en Brood vir Nood, in die kombuis in te rig. Die projek se beraamde koste beloop ongeveer R6 500.00.

Al die dames in die gemeente wat nog nie betrokke is nie, word uitgenooi om ook `n verskil te help maak. U bydrae van R5 per maand of R60 per jaar stel hierdie bediening instaat stel om opgraderingsprojekte aan te pak, die kombuis in stand te hou en verversings vir begrafnisse, kerkraad en ander geleenthede te voorsien.

`n Heerlike Dankie-sê geleentheid vir almal wat getrou bygedra het, word elke jaar in November gehou. U word persoonlik daarheen uitgenooi!

U bydrae is vir ons belangrik.
Vir navrae skakel asb. Brenda by (012) 331 0148 of 082 494 7835
As u van tyd tot tyd kan help met verversings skakel vir Lettie by (012) 330 3171 of 072 751 7171.



*Vriendelike groete*
*Bestuur - Vrouebediening*



**Woorde kan soos medisyne wees of soos gif. Woorde van ouers kan aan kinders lewe of dood gee. Woorde kan die beste of slegste uit kinders navore bring.**

Negatiewe woorde vol liefdelose foutvind en voortdurende kritiek kan die lewe uit jou kind dreineer, sodat hy of sy leeg, verwond en gebroke deur die lewe gaan.

Ouers in wie Christus lewe, kan met hul woorde kinders aanmoedig, inspireer, reghelp, ondersteun, vorm en opbou. Bo alles kan ouers mondstukke wees om kinders die goeie nuus van God se liefde en verlossing te laat hoor.

Jy is nie jou kind se aanklaer of regter nie, maar sy ouer wat deur God geroep is om hom of haar te begelei en te seën met woorde wat bou.


***Die tong het mag oor dood en oor lewe (Spr 18:21)***

***Gebruik die regte opbouende woorde wat nodig is om dié wat luister te bevoordeel (Ef 4:29)***

*Sterkte met jou seënwoorde !*

*Ds Leon van Heerden*

Gebed
Dankie dat ons U kan aanbid in ons menslikheid. Gee asb dat niks ons humeur sal laat opvlam nie, niks ons vreugde sal vertroebel nie en laat ons die beeld van ons Meester so uitleef






*Kom ons leef hierdie twee-lem Visie van ons gemeente uit.*

…en daar was KERMIS 8 SEPT. 2007

**RIETONDALEPARK**





Leon Steyn, die brein agter die Kermis kry die ondersteuning van ds Leon van Heerden & Peet Dorfling

Ek sê jou dis die beste Wit-olifant tafel nog!



Ek wonder of hierdie kleur sal werk?






… en almal sit krag en tyd in die wonderlike, geseënde dag – alles tot eer van God!!